Laerskool Stellenbosch

Omgewingsbeleid

Laerskool Stellenbosch aanvaar mede-verantwoordelikheid vir volhoubare omgewingsorg.

Daarom:

1. Kweek ons by ons leerders die waardes wat hulle verantwoordelike beskermers van die omgewing en ambassadeurs vir die aarde maak
2. Poog ons om omgewingsorg by soveel van ons leerareas, ko-kurrikulêre en buite-kurrikulêre aktiwiteite te integreer, sodat ons skool toenemend ter wille van die omgewing bestaan
3. Strewe ons daarna om ons koolstof-voetspoor so laag as moontlik te hou en moedig ons kreatiewe denke by ons personeel en leerders aan om dit te bewerk
4. Poog ons om water en elektrisiteit te bespaar
5. Hersirkuleer ons soveel moontlik en bedink ons maniere om op verantwoordelike maniere van vullis ontslae te raak
6. Netwerk ons met organisasies wat ‘n bewese rekord het van ‘n ekologiese verantwoordelikheidsin en by wie ons kan leer hoe om voortdurend meer sensitief vir die omgewing te wees
7. Vorm ons deel van die “Eco-Schools Programme”

AANVAAR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 25 FEBRUARIE 2010

_____ _____

VOORSITTER SEKRETARESSE

_____

SKOOLHOOF